



Beste lede, werkgewers, kollegas en ander belanghebbendes

Ek gesels vandag met u as die trotse voorsitter van die Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds. 'n Fonds wat baie goed befonds is, met topgehalte beleggingsresultate en sterk bestuursprosesse in plek. Die Raad van Trustees wy ook heelwat tyd aan die ontginning van geleenthede om ons fonds nog verder te verbeter en aan ons lede die beste en veiligste aftreevoordele moontlik te bied.

Dit is nie per toeval dat ons in hierdie uitstekende posisie verkeer nie. Die afgelope drie jaar was veral daarop toegespits om nuwe geleenthede en ontwikkelinge in die aftreebedryf te kon identifiseer en uit te bou. Die hoogs suksesvolle omskakeling van lede van die Vastevoordeel-afdeling na die Vastebydrae-afdeling was die grootste prestasie. Ons deel in die vreugde van al hierdie lede wat, afgesien van die baie welkome finansiële meevaller wat hulle ontvang het, nie meer hoef te vrees dat hulle nie die beloofde pensioenvoordele van die ou Vastevoordeel-afdeling gaan kry nie.

Aangesien lewensfase-portefeuljes nou in die Vastebydrae-afdeling beskikbaar is, word lede outomaties in die mees gepaste portefeuljes belê. Lede kan ook self besluit watter risiko/opbrengs-kombinasie hulle die beste pas, en ek wil diegene van u wat daarvan hou om in beheer van u aftreebeplanning te wees, aanmoedig om ons opsies vir aftreebeplanning te bestudeer. Slegs sowat 20 aktiewe lede is nog in die Vastevoordeel-afdeling en ons gaan voort met gesprekke om hul werkgewers te oortuig om aan die oorplasing van hierdie lede na die Vastebydrae-afdeling deel te neem.

Ons ondersoek verskillende opsies om die Fonds te laat groei. Dit gaan egter nie om grootte nie, maar om ekonomie van skaal te bewerkstellig. Dit kan op verskeie maniere verkry word – soos om die Fonds aktief te bemark, samewerkingsooreenkomste met ander fondse aan te gaan, of selfs ook te kyk na moontlike samesmeltings. Wat ons ook al besluit, ons wil u die versekering gee dat ons as Raad van Trustees die langtermynbelange van lede en pensioenarisse voorop stel. Ons sal egter net met fondse onderhandel wat nie die stewige en gesonde bestuursbasis van ons Fonds in die gedrang sal bring nie.

Oor die kort termyn kyk ons na verdere geleenthede om oral koste te besnoei, sodat 'n groter persentasie van bydraes aan die aftreevoordele toegedeel kan word. Ons weet almal watter voordele saamgestelde groei inhou en dat elke sent met verloop van tyd tel.

Onlangse regulatoriese veranderings het ook 'n paar opwindende geleenthede ontsluit wat die weg baan vir innoverende produkte – soos die opsie vir lede om na aftrede hul voordele binne die Fonds te bewaar. Die gesprek oor aftreehervorming in Suid-Afrika is ook weer op die tafel en hierdie veranderings sal na verwagting op 1 Maart 2016 in werking tree indien die partye, NEDLAC inklusief, teen Junie 2015 konsensus bereik. Indien konsensus nie bereik word nie, sal die implementeringsdatum uitgestel word.



Ons beleggingsadviseurs en die Fondsaktuaris sal binnekort verslag doen oor die finansiële prestasie en stand van die Fonds, maar ek wil daarop wys dat baie van ons onlangse suksesse aan uitstekende beleggingsopbrengste te danke is – en dít ten spyte van 'n baie onbestendige mark.

Die Fonds se herstruktureringproses was ook daarop gemik om die onderbefondsde posisie van die Pensioenaris-afdeling reg te stel sodat dit 100% befonds is, en ons het hierdie mikpunt bereik. Dit is nou een jaar later en die aktuariële waardasie soos op 30 Junie 2014 het bevestig dat die Pensioenaris-afdeling reeds op 'n befondsingsvlak van 106% is. Dit beteken ons het 'n gerieflike buffer om tot die heel laaste pensioenaris se pensioen te betaal, en jaarlikse verhogings van minstens 60% van inflasie toe te staan. Ons laste-gedrewe beleggingstrategie werk duidelik baie goed en ons sal met hierdie strategie voortgaan totdat ons veilige pensioene met verhogings teen 100% van inflasie bereik het.

Die Vastebydrae-afdeling het oor die 12 maande geëindig Junie 2014 die langtermyn-teiken met 4.5% oortref. Om dit in perspektief te plaas vir lede van die Vastevoordeel-afdeling wat onlangs na die Vastebydrae-afdeling oorgegaan het : Om minstens te ewenaar wat u as 'n pensioenbelofte sou ontvang het indien u in die Vastevoordeel-afdeling gebly het, sou die gemiddelde Fondsoptrekkings VPI plus 4% moes gewees het. Ons het VPI plus 10.9% oor dieselfde tydperk behaal.

Oor die afgelope 12 maande tot einde April 2015 het die Vastevoordeelfonds en Vastebydraefonds skitterende opbrengste van onderskeidelik 12.2% (VPI+8.2%) en 16.0% (VPI+12.0%) behaal, wat ver bo die langtermyn doelwitte is. Oor die laaste drie jaar – die gebruikelike evalueringstydperk vir prestasie – het die Vastevoordeelfonds 'n opbrengs van altesaam 56.5% behaal, wat ver bo die doelwit van 31.4% is. Oor dieselfde tydperk was die Vastebydraefonds se opbrengs altesaam 57.1%, ook ver bo die doelwit van 39.2% vir hierdie tydperk.

Hoewel dit nog te vroeg is om te sê, is dit beslis 'n baie goeie teken dat die lede van die Vastebydrae-afdeling heelwat beter sal vaar as met die ou pensioenbelofte. Hou in gedagte dat die rede hoekom ons in die eerste plek die omskakeling moes doen, was dat die oorspronklike pensioenbelofte in die Vastevoordeel-afdeling na alle waarskynlikheid nie verwesenlik sou word nie.

Jim Collins, 'n Amerikaanse sakekonsultant en skrywer, het gesê: “Don't be satisfied with merely good or excellent. Discover what it takes to be GREAT.” Ons het in 2014/2015 inderdaad baie bereik, maar ons stel ons visier daarop om die **beste** te wees.

Die Trustees se belangrikste fokusareas sal steeds die volgende wees:

- (a) Om te alle tye die vertroue wat in ons gestel word, waardig te wees en die Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds na ons beste vermoë met eerlikheid,



- integriteit en die uiterste goeie trou te bestuur. Ons sal nie belangebotsings toelaat nie;
- (b) Om koste te bestuur, monitor en waar moontlik verminder;
  - (c) Om uitstekende beleggingsopbrengste vir ons lede na te streef, sonder om onnodige risiko's aan te gaan;
  - (d) Om moderne, nuwe en kostedoeltreffende risikovoortoeleënsies (sterfte- en ongeskiktheidsvoordele) aan lede te verskaf;
  - (e) Om die belange en regte van ons lede te beskerm;
  - (f) Om beste praktyke ten opsigte van korporatiewe bestuur, nakoming en skoon audits te verseker;
  - (g) Om volkome deursigtigheid te skep en te verseker dat alle lede ten volle op hoogte gebring word van fondssake, voordeelstrukture, koste, aftree-opsies, bedryfsontwikkelinge en reël wysigings.

As trustees en diensverskaffers herinner ons ons elke dag daaraan dat dit nou ons voorreg is om 'n fonds met 'n trotse geskiedenis van 72 jaar te bestuur. Ons enigste doel sal altyd wees om u suksesvolle aftrede te verseker!

Soos altyd, bring ek graag hulde aan die Raad van Trustees en die Hoofbeampte en sy span diensverskaffers, wat onverpoos streef om die Fonds tot voordeel van alle lede te verbeter. Ek weet ek kan op hulle staatmaak om daarmee voort te gaan.

Voordat ek afsluit, is daar iemand wat 'n spesiale woord van dank verdien – Michael de Waal. Hy is 'n pensioenaris-vertegenwoordiger in die Raad en het aangedui dat hy aan die einde van die jaar uit hierdie pos wil aftree. Michael, ons kon altyd op jou ondersteuning en wysheid staatmaak, en ons wens jou 'n welverdiende ruskans toe.

Dankie aan u almal vir u teenwoordigheid en vir die geleentheid om u oor belangrike sake van u Fonds in te lig. Ek wens u almal alles van die beste toe en sien u graag weer volgende jaar.

Ons kom nou by die aanbiedings deur diensverskaffers. Soos altyd, is daar op die agenda 'n geleentheid vir algemene vrae, en u is welkom om dan enige vrae te vra wat u oor my verslag het.

Baie dankie.

Herman Botha  
VOORSITTER

29 Mei 2015